Tema: Beantwoord aan jou lewensdoel deur met jou woorde en dade van God te getuig.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 169: 1,2,3
Lied 171: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 163: 1
Votum
Seën
Loflied Ps 145 - 2: Beurtsang: 1 (almal), 3 (brs), 5 (srs) en 9 (almal);
Geloofsbelydenis: HK Sondag 12, vr en antw 31 en 32 (ouderling Theo Coetzee hou dit voor)

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing uit Fil. 2: 5 - 18 (ouderling Pierre Volchenk lees voor)
Sing Ps 116 - 2: 1,5
Gebed (ouderling Christo van der Walt)

Woorddiens
Skriflesing: Jes 49: 1 - 7 (ouderling Philip Hattingh lees voor)
Teks: Jesaja 49:6
Sing Ps 149 - 2: 1,3
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Sing Sb 12 - 3: 1,2
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite (Natuurrampe)
Sing Lied 486: 1,3,4
Seën
Amenlied Sb13 - 2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Wat is die doel van jou bestaan? Waarom is ek en jy gebore? Waarom leef ons die lewe wat ons leef? Dat ons opgroei, ontwikkel, ŉ werk kry en dit elke dag doen, liefkry en trou, ŉ huwelikslewe het en kinders kry en dan ouer word om eendag weer te sterf.
Wat is God se doel met jou bestaan?

Baie mense verstaan die lewesdoel verkeerd. Hulle dink dat God ons hier geplaas het sodat die lewe rondom ons bestaan moet draai! Dat God eintlik daar is vir my! Dat Hy moet sorg dat alles met my goed gaan, dat ek ŉ werk kan kry, dat ek ŉ lewensmaat kan kry, dat ek kan werk om vir myself ŉ bestaan te maak, dat ek kinders kan kry en hulle vir my vreugde kan bring en dat ek genoeg bymekaar kan maak om eendag af te tree, oud te word en dan dood te gaan! Die lewe draai om my en God is eintlik in my diens – Hy moet net sorg dat ek alles kry wat ek nodig het.

Om gelowig te wees beteken vir baie mense dat ek God gelukkig moet hou sodat God my gelukkig kan hou! Die doen van geloofsdade is dan eintlik op myself gerig: ek hou God gelukkig en dan sal God my gelukkig hou!

Brs en srs, die Here maak vanmore een ding baie duidelik: as jy dit so verstaan of as jy dit so uitleef, dan het jy dit mis! Ek en jy bestaan om God te dien! Ons lewenstaak is om aan God se doel te beantwoord! Ons is hier vir Hom – Hy is nie hier vir ons nie!

En daarom is die boodskap vanmore: beantwoord aan jou lewensdoel deur met jou woord en dade van God te getuig! Dit is waarvoor jy hier is! Dit is hoekom God jou gemaak het en dit is waarom jy die lewe leef wat jy leef!

Ons fokus op twee sake vanmore:
1. Dat God jou gemaak het om van Hom te getuig – dit is jou lewensdoel
2. Dat God jou toegerus het vir jou taak.

Brs en srs

Ons het die afgelope week gefokus op enkele aspekte van ons lewensdoel naamlik wat Jesus gesê het" "julle sal my getuies wees" (Hand 1: 8). Ons het gesien dat ons getuienis mense deur Christus na God toe moet lei. Dat die Gees ons dryf om getuienis te lewer en dat ons nie bang moet wees nie. Ook het ons gehoor dat getuies onvermydelik sal ly ter wille van Christus en dat ons daarom volhardend moet bid.

Die probleem is: baie gelowiges skei steeds hierdie opdrag van die Here van die res van hulle lewe! Hulle dink "ek is ŉ getuie" wanneer ek spesifiek met iemand praat oor sy of haar geloof. Of ek is ŉ getuie as ek erediens bywoon of my huisgodsdiens of

persoonlike stiltetyd hou. Net soos baie mense ook hulle lewe op Sondae skei van die res van die week – so asof ons op Sondae Christene is en in die res van die week kan leef soos ons wil. Ons verstaan nog nie dat ons hele lewe deur hierdie opdrag van God omsluit word nie.

Wanneer die Here hier in ons teks van die volk as sy "dienaar" of in die ou vertaling "die kneg" van die Here praat, dan bedoel die Here eintlik ons is sy "slawe". Dit is die Hebreeuse woord wat daar gebruik word: slaaf! En slawe was nie deeltyds in diens van hulle eienaars nie. Hulle het nie 'n lewe los en weg van hulle eienaar gehad nie! Hulle hele lewe het aan die eienaar behoort! Hy het volle seggenskap oor hulle totale bestaan gehad. So, br. en sr, het die Here volle seggenskap oor my en jou totale bestaan! Ons hele lewe is bedoel om in diens van die Here te staan en van Hom te getuig!

Dat ek gebore word, groot word, ontwikkel, 'n werk kry, 'n lewensmaat kry, kinders kry, werk en aftree en oud word – my totale lewensbestaan is geskep om een doel en dit is om God se heerlikheid en eer in die wêreld te vertoon deur met my woorde en my dade van Hom te getuig! Ons opdrag is nie 'n aparte deel van my lewe nie – dit is my hele lewe!

Die Here maak een saak vanmore vir ons baie duidelik: Hy het jou geskep om 'n getuie van Hom te wees! Dit is jou primêre lewensdoel! En as jy nie 'n getuie van God is of wil wees nie, mis jy jou lewensdoel. Dan is jou lewe eintlik vermors.

Die volk Israel, aan wie hierdie boodskap gerig word, het die saak ook nie reg verstaan nie. Die Here het al reg aan die begin van die volk se bestaan, toe Hy Abraham geroep het, dit vir hulle duidelik gemaak: (wys skyfie 1)
Genesis 12:2–3 [2]Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. [3]Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. **In jou sal al die volke van die aarde geseën wees." Dit was die doel van die volk se bestaan.**

Dit is waarom die Here hulle uit Egipte gaan haal het en hulle in die land Israel gaan plaas het: in die sentrum van die destydse bekende wêreld – sodat hulle van God kan getuig en so die nasies na God toe kan lei.

Maar Israel het net gehoor wat hulle wou hoor: Hulle het gehoor "ons kry 'n land van melk en heuning" en hier gaan ons lekker bly en doen wat ons wil. God sal vir ons sorg want ons is sy uitverkore volk!

Brs en srs, met hulle ongehoorsaamheid en selfgerigte lewe het hulle nie aan hulle Godgegewe lewensdoel beantwoord nie! En daarom – op die tyd van hierdie profesie in Jesaja 49 – sit hulle nou as slawe van mense in Babel. God het hulle

verskriklik gestraf omdat hulle nie aan hulle lewensdoel beantwoord het nie en hulle nou slawe van heidene gemaak!

En nou stuur die Here deur Jesaja die boodskap: God sal julle weer genadig wees! God sal julle terugneem na julle land sodat julle aan julle lewensdoel kan beantwoord! Dis is hoekom die profesie in vers 1 begin met ŉ oproep aan die "eilande". Die eilande is ŉ metafoor wat dui op die eindes van die aarde - die verre nasies! Vir hulle word hier goeie nuus aangekondig! God gaan Israel terugneem en hulle weer geleentheid gee om ŉ lig vir die nasies te wees! Dis goeie nuus vir die wêreld en hulle moet dit hoor!

Twee keer verwys Jesaja na die feit dat die Here alreeds in die moederskoot – met ander woorde – toe Hy Israel as volk geskep het – besluit dat dit hulle lewensdoel is. En nou beloof die Here dat Hy hulle sal terugneem, dat Israel na Hom sal terugkeer en hulle taak sal vervul!

En geliefdes, dit het gebeur! Die volk is terug na hulle land en daar het God met hulle die pad geloop sodat en tot dat Jesus Christus gebore is! Wanneer ŉ mens hierdie profesie lees dan kan jy duidelik aanvoel dat hier baie meer bedoel word met die begrip "dienaar van die Here' as net die volk Israel! Hierdie is ook ŉ baie duidelike profesie van Jesus Christus wat as slaaf van die Vader sou kom om juis te kom doen wat die profesie op dui!

Jesus sou die volk waarlik terugbring na hulle Godgegewe doel! Ook Hy was geroep deur die Vader voor sy geboorte om die ware Israel bymekaar te maak: hulle wat in Hom as Verlosser sou glo! Hy sê dit in Joh. 17: 4: "Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen." Hy het aan sy lewensdoel beantwoord en nou kan gelowiges ook aan hulle lewensdoel beantwoord.

En nou nie meer net gelowiges uit Israel nie – maar uit alle die nasies van die aarde! So vervul Jesus uiteindelik Israel se taak en dra Hy die taak oor aan elkeen wat in Hom sou glo! Ook ek en jy! Ons het geloof ontvang, ons is deur God uitverkies om juis hierdie lewensdoel uit te leef: Dat ons die lig vir die wêreld sou wees!

Kyk net hou duidelik is die boodskap uit die hele Nuwe Testament: (wys skyfies 2 – 5)
Hd 1:8
[8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."(Jesaja se "eilande")
Hand 13:47
[47]want so lui die Here se opdrag aan ons:

Ek het U gegee as ’n lig vir die nasies, sodat U verlossing kan bring tot in die uithoeke van die aarde.”
Efes. 2:10
[10]Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.
Fil 2:12–16
[12] Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, [13]want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. [14]Doen alles sonder kla of teëpraat. [15]Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. **Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld [16]deur die woord van die lewe uit te dra.** Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie
1 Petrus 2:9
[9]Julle, daarenteen, is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

Geliefde br. en sr in die Here: beantwoord ek en jy aan hierdie lewensdoel? Is dit hoe ons ons doel hier op aarde sien? As ek en jy dit nie so verstaan het nie, mag die Here dan gee dat ons vanmore tot inkeer kom – soos Israel – en dat ons weer met ons hele lewe “slawe” van God sal wees deur ons hele lewe vir hierdie doel te gee! My en jou bestaan is om met woord en dade van God te getuig!

En br. en sr, begryp jy die wonder daarvan! Jy is die draer van die lewensboodskap! God het dus klaar aan jou in Christus die ware lewe gegee en jy kan dit uitleef – nie net hier op aarde nie – maar vir ewig! En dit is al manier hoe jou lewe betekenisvol kan wees – dit is tog immers wat die Prediker ons ook leer – alles wat is en doen het net betekenis aan jy dit vir God doen! Anders is dit leeg en sinloos.....dan kan ek en jy maar net sowel vandag al sterf!

En God het jou volkome toegerus vir hierdie lewensdoel! Jesaja beskryf pragtig in die tweede plek hoe God ons toegerus het. Hy sê in vers 2: Die Here het sy slaaf “se mond ’n skerp swaard gemaak” Uit die res van die Skrif weet ons hierdie is ’n verwysing na die Woord van God as die swaard van die Gees. Jy het die Woord van die Here as jou toerusting ontvang! ’n Skerp en spesiale wapen!

Ook is ek en jy “’n skerp pyl in God se koker” weggesteek totdat die tyd ryp is dat God jou wil gebruik! “’n Skerp pyl vir ’n spesiale taak! Dit is ek en jy!

Ook in vers 5” Die Here het ons ’n belangrike taak gegee en my God gee my krag”! Eintlik staan daar letterlik: “en God is my sterkte”.

Br en sr, deur aan jou geloof te gee en jou in Christus in te lyf, het jy die Woord van God ontvang as jou toerusting – jy het niks meer as dit nodig nie! Dit is jou krag en jou sterkte! Onthou jy nog Heb. 4? (wys skuifie 6)
Hebrews 4:12 (AFR1983)
Die woord as swaard
[12]Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. “

En God die Heilige Gees is jou krag en sterkte! Dit het ons die week so mooi gesien in ons dagstukkies. Dis die Heilige Gees wat moed en oortuiging gee, wat die woorde in my mond lê en wat my meer op God laat vertrou as wat ek mense vrees!

Geliefdes, die Here sê vir jou vanmore: Beantwoord aan jou lewensdoel deur met woord en dade van God te getuig. Jy is klaar toegerus! Doen nou net jou werk!
Jy – jou hele lewe - is die lig vir almal wat van God moet hoor! Die Here het jou ’n belangrike opdrag gee en die Here is jou krag! Kom ek en jy beantwoord aan ons lewensdoel!

Amen